NASIONALE RPO / NATIONAL RPO

**Gesamentlike mediaverklaring**

21 Julie 2020

# Georganiseerde landbou se standpunt oor die uitvoer van lewende skape

Die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), tesame met Agri SA, Agri Noord-Kaap en Agri Oos-Kaap, ondersteun die handel met vee per skip as dit eties gedoen word sonder dieremishandeling. Hierdie versendings moet binne die OIE-standaarde geskied, onder toesig van die regering as die regulerende owerheid oorsien word.

Die verteenwoordigers van Agri SA, die provinsiale affiliasies en die RPO het op 20 Julie in Bloemfontein vergader onder voorsitterskap van die Agri SA president, Mnr Pierre Vercueil. Daar was konsensus dat hierdie vorm van handel in vee die industrie kan uitbou.

Die RPO as lid van die Rooivleis Industrie Forum (RMIF) is voorsien van dokumentasie en verslae rakende die vorige twee besendings wat deur Al Mawashi uit Suid-Afrika gedoen is. Regeringsamptenare wat die nakoming daarvan verseker, het in hierdie verslae aangedui dat die OIE-standaarde nagekom is.

Verder het twee veeartsenykundiges namens die RMIF die skip en voerkraal ondersoek. Na hul mening voldoen beide die skip en voerkraal daaraan. Hulle meen verder dat die skape so gou as moontlik gelaai moet word.

Die interdik wat tans bestaan, word op 6 Augustus 2020 deur die Hooggeregshof in Grahamstad finaal oorweeg. Die RPO saam met Agri SA, Agri Noord-Kaap en Agri Oos-Kaap ondersteun die ontslag van die interdik weens die redes hierbo uiteengesit.

**Navrae:**
Pierre Vercueil
Agri SA President
(S) 082 524 8636

Koos Van Der Ryst
Voorsitter, Rooivleisprodusente-organisasie (RPO)
(S) 083 303 7926